SAKE 24 (Beeld)
Friday, 20 February 2009, p. 7

# Fondsbestuurders begin lig sien aan einde van tonnel

## Optimisme is hoogste sedert kredietkrisis se begin

**Nellie Brand-Jonker,** Kaapstad

Nuwe optimisme oor die vooruitsigte vir groei in China het fondsbestuurders aan die begin van Februarie opgebeur.

In 'n internasionale opname het Merrill Lynch gevind fondsbestuurders is die hoopvolste sedert die kredietkrisis in Julie 2007 begin byt het.

Die beleggers wat 'n verswakking in die ekonomie voorspel, het afgeneem vergeleke met Januarie.

Merrill Lynch het gesê dit lyk of die vrese oor 'n uitgerekte verlangsaming in China opdroog. Die aantal beleggers wat laer groei vir China oor die komende 12 maande voorspel, het skerp geval tot 21% in Februarie vergeleke met 70% in Januarie.

Mnr. Michael Hartnett, hoofaandeelstrateeg van opkomende markte van Bank of America Securities-Merrill Lynch, het gesê dit is die hoogste verwagting oor die Chinese ekonomiese groei sedert 2007.

Die meeste erken egter dat die wêreldekonomie in 'n resessie is.

Merrill Lynch het ook gevind dat die erge pessimisme oor die vooruitsig vir maatskappywinste effe bedaar het.

Volgens Hartnett het hulpbronaandele die skerpste voordeel getrek uit 'n verandering in batetoewysing in die afgelope twee maande.

Die Merrill Lynch-opname is onder 212 fondsbestuurders uitgevoer in die week tot 12 Februarie.

Mnr. Frederick White, hoof van navorsing van Sanlam Beleggingsbestuur, het gesê al vier die aanwysers wat in hul opname gemeet word, het effens verbeter.

"Dit is egter duidelik dat beleggers huiwerig bly om té optimisties te wees oor opbrengste," het hy gesê.

Die verwagtinge oor die opbrengs van die mark oor 'n maand, drie maande, ses maande en 'n jaar; wat die reaksie van die indeks vir alle aandele 'n dag ná 'n 3%-val gaan wees; wat die moontlikheid is van 'n markineenstorting; en of aandeelpryse te laag is, word gemeet.

Me. Gerda van der Linde, uitvoerende direkteur van die instituut van gedragsfinansies, glo die resultate toon 'n stemming van chroniese onsekerheid. Sy het gesê groepsinstink word gevolg.

"Die huidige stemming weifel tussen optimisme en pessimisme," het sy gesê.

"In onseker tye is dit 'n bevredigende reaksie om die groepinstink te volg en onbewustelik is die gedrag om risiko te verminder."

Sy het gesê dit is nie vreemd dat beleggers en hul finansiële beplanners in dié omgewing grootliks in die geldmark wil belê nie.